Mandate (Kritiese Prestasie Areas) vir leraars
Helderberg Gemeente

KPA/Mandaat	Beskrywing van mandaat/KPA	Take/Opdragte
Woordbediening	• Om mense d.m.v. prediking, Bybelstudie, pastorale gesprekke, ens. te help om op God te fokus en te leef vanuit die werklikheid van die opgestane, lewende Here. • Om mense te begelei in hul hantering van die Woord op so ’n wyse dat dit hul menswees vorm en bepaal. • Om hom-/haarself deurlopend te bly skool in die Woord.	•
Geestelike begeleiding	• Om die pad van geloofsonderskeiding wat die kerkraad loop aan die bediening te kommunikeer en die pad wat die bediening met geloofsonderskeiding loop aan die kerkraad te kommunikeer. • Om toe te sien dat die bediening teologies begrond is binne ons teologiese raamwerk en verstaan van wie ons in die Here is en die opdrag wat ons as gemeente van Hom ontvang het. • Om ’n geestelike ontdekkingspad saam met die leier van die bediening te loop oor hul gedeelde en afsonderlike roeping; en saam te droom oor die bediening voorentoe. • Om toe te sien dat die bedieningspan mekaar geestelik versorg en begelei om as dissipels van die Here te leef. • Om ander aan die bediening bekend te stel, te inspireer en te begelei om by die bediening betrokke te raak. • Om hom-/haarself op ’n gereelde basis bloot te stel aan ’n geestelike mentor(s) wat hom/haar help op ’n pad van geloofsonderskeiding.	•
Presensie: By God en by mense	• Om deel te wees van (om werklik deel van die groter geheel – gemeente en gemeenskap - te word).	•

	• Om dáár te wees by (om my lewe te deel met die mense wat ek begelei). • Om lief te wees vir die mense wat ek begelei en wat die Here oor my pad stuur. • Om entoesiasties te wees oor dit wat die Here in en deur mense kan doen. • Om hom-/haarself deur die beoefening van geestelike dissiplines hom-/haarself voortdurend bloot te stel aan die inwerking van God.	
Enegering	• Om die rykdom van mense met hul gawes, kennis, vaardighede en toewyding raak te sien en te ontsluit sodat hulle hulself beskikbaar stel vir die koninkryk van God. • Om mense te versorg, te inspireer, te mobilisering, toe te rus en te begeleiding om as 7-dag Christene te leef. • Om mense te help in die verstaan van hul gestuurdheid. • Om tye, roetines en dissiplines te handhaaf waartydens sy/haar fokus en energie vir die bediening in die gemeente opgeskerp en hernu kan word.	•